BESKRYWINGSPUNT VIR DIE ALGEMENE SINODE 2023
DIE ONAFWENDBARE KONSEKWENSIES VAN DIE SKEP VAN TEOLOGIESE RUIMTES BINNE DIE VERBAND
NG GEMEENTE KESTELL

Die kerkraad van NG gemeente Kestell het kennis geneem van die volgende erkenning van die Algemene Sinode in die 2019 besluit oor selfdegeslagverhoudings:

"1. Die Algemene Sinode neem kennis dat verskille in die kerk ten opsigte van Skrifhantering en Skrifuitleg tot vasgelooptheid gelei het, en dat voortgaande besinning oor verantwoordelike Skrifuitleg steeds nodig is."
asook
"8. Die Algemene Sinode erken dat daar:
8.1 kerkrade en predikante is wat nie hulle weg oopsien om burgerlike verbintenisse tussen persone van dieselfde geslag te bevestig nie,
8.2 ook kerkrade en predikante is wat wel hulle weg oopsien om burgerlike verbintenisse tussen persone van dieselfde geslag te bevestig.
9. Die Algemene Sinode wil graag die ruimte wat vir almal geskep word, om volgens hulle oortuiging op te tree, bevestig."

Die kerkraad wil in die lig daarvan dat die Algemene Sinode, met spesifieke verwysing na "kerkrade en predikante", "bevestig" het dat "ruimte ... vir almal geskep word, om volgens hulle oortuiging op te tree" rakende selfdegeslagverhoudings, die Algemene Sinode versoek om hierdie ruimtes vir "kerkrade en predikante" konsekwent toe te pas op ringsvlak, sowel as op sinodale vlak waar talle gemeentes nie hulle weg oopsien om te funksioneer binne ringe en streeksinodes waar gemeentes die Skrif op weersprekende wyse verkondig rakende selfdegeslagverhoudings nie. Hierdie gemeentes vra daarom ruimte om hulleself saam te groepeer volgens oortuiging.

Die vraag ontstaan natuurlik of gemeentes nie nou oor enige teologiese randsaak kan versoek om hergroepeer te word nie? Die antwoord hierop is 'n onomwonde nee. In die lig van die aanbevelings, is dit duidelik dat hierdie besluit om ruimte te skep vir die bevestiging van selfdegeslagverbintenisse, volkome anders is as verskille tussen gemeentes oor sogenaamde teologiese randsake waarvoor die kerk histories altyd spanningloos ruimte toegelaat het en toekomstig altyd spanningloos ruimte sal toelaat.

Die kerkraad besef ook dat die formele ruimte wat die Algemene Sinode probeer skep het vir nog ander weersprekende vertolkings van die Skrif aangaande die erkenning dat bose geeste bestaan, asook ruimte vir seksuele saamwoonverhoudings, bygedra het tot hierdie agterdog en onenigheid tussen gemeentes in ringe en streeksinodes.

VIR KENNISNAME:

1. Die Algemene Sinode neem kennis dat daar:
    a. Gemeentes is wat hulle weg oopsien om op ring- en sinodale vlak saam te werk met gemeentes wat anders as hulle dink oor selfdegslagverbintenisse;
    b. ook gemeentes is wat nie hulle weg oopsien om saam met gemeentes te werk wat gemaklik is met die ruimte vir selfdegeslagverbintenisse binne die verband nie.
2. Die Algemene Sinode het reeds gekies vir 'n standpunt dat daar ruimte vir almal geskep moet word, om volgens hulle oortuiging op te tree, en wil die konsekwensies van hierdie standpunt eerbiedig.